# VRL BELEID

## 1. VERKIESING

- Verkiesing van VRL vind aan die begin van die jaar in klasverband plaas.
- Nominasies vind plaas deur 'n nominasievorm te voltooi. Elke leerder in die klas mag 'n maksimum van 5 leerders nomineer.
- Elke genomineerde leerder kry 'n bereidwilligheidsvorm wat voltooi moet word indien hy/sy hom-/haarself verkiesbaar wil stel.
- Kriteria vir nominasielys:
    - o Ten minste twee nominasies
    - o Voltooide bereidwilligheidsvorm
    - o 'n Jaarpunt van ten minste 50% in die vorige jaar
    - o Ten minste 250 positiewe punte, nie meer as 400 negatiewe punte en nie enige kategorie 3-inskrywing in die vorige jaar nie.
- Die klasvoog gaan bogenoemde kriteria na en verwyder leerlinge van die nominasielys indien hulle nie kwalifiseer nie.
- Twee persone per klas word verkies op 'n demokratiese wyse per stembrief. 'n Seun en dogter of twee seuns of twee dogters kan verkies word.
- Die twee verkose leerders tree onder andere as klasleiers op.
- Elke VRL-lid teken 'n erekode aan die begin van hul termyn.
- VRL-kamp/opleiding is verpligtend.

## 2. KOMITEES EN DAGBESTUUR

- 'n Dagbestuur van 5 lede word uit die verkose Graad 11-lede gekies.
- Graadverteenwoordigers uit graad 8-12 word verkies deur VRL'e van betrokke graad wat dagbestuur sal bystaan.

## 3. PLIGTE

- VRL-lede dra Middiedrag of Skooldrag wanneer hulle die VRL (skool) verteenwoordig soos met hulle gekommunikeer.
- Hulp met sekere pligte vir die voogonderwyser (presensie neem, vorms inneem, afwesighede aanmeld).
- Kommunikasie tussen voogonderwyser en klas.
- Hou die week se pienk uittekenstrokies in 'n lêer en handig in by voog aan die einde van die week. Stel voogonderwyser in kennis van leerders wat gereeld uitteken.
- Hou VRL-vorms op datum en laat elke Vrydag in voogperiode teken deur graadverteenwoordigers of dagbestuurlede by VRL-graadvoogde.
- By aanvang van elke periode moet die klasonderwyser voorsien word van name van afwesige leerlinge.
- Pousediens.
- Handhaaf dissipline in klasse en onder leerders.
- Rapportering van boelies, verbodemiddel-gebruik, besit van enige vorm van wapens, wangedrag en disrespek teenoor ander leerders en onderwysers.
- Help om nuwe leerders te laat tuis voel.

- Ten minste een fondsinsamelingsprojek per jaar vir VRL-fonds.
- Hekdiens en bemarking tydens funksies.
- Beman waterpunte by padwedlope.
- Verteenwoordig klas by die VRL-vergaderings.
- Rapporteer leerders met finansiële en emosionele probleme.
- Ondersteuning aan leerders te verleen tydens krisistye.
- Stel 'n positiewe voorbeeld vir leerders en bevorder die beste belange van die skool.
- Beeld die volgende eienskappe uit: betroubaarheid, goeie kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede, selfvertroue, toewyding, 'n positiewe gesindheid en 'n behoefte om te dien.

## 4. ERKENNING

- VRL-lede ontvang erkenning vir die volgende:
  - o Bywoning van VRL-vergaderings
  - o Lêerkontrole
  - o Hekdiens
  - o Waterpunte
  - o Japie-aand
- VRL lede ontvang 'n Sertifikaat van verdienste (Brons, Silwer of Goud) aan die einde van die jaar na gelang van erkennings.
- 'n Trofee vir die beste VRL-lid in elke graad word toegeken.
- 'n Trofee vir VRL-lid van die jaar word tydens prysuitdeling toegeken.
- VRL-lede verdien deurlopend positiewe punte indien hulle hul take nougeset uitoefen.

## 5. TUG

- Indien 'n VRL-lid 400 negatiewe punte het, skuldig bevind word aan'n kategorie 3-oortreding, of herhaaldelik nie hul pligte nakom nie word hy/ sy verwyder van die VRL.
- 'n VRL-lid wat sy/haar plig versuim sal negatiewe punte kry.